



Suid-Afrikaanse telers het die Wit Dorper en Dorper visueel (met die oog) in 'n ras ontwikkel wat internasionaal in aanvraag is.

Kommer bestaan dat halfhartige prestasietoetsing die Dorper, getalsgewys Suid-Afrika se naasgrootste kleinveeras, van sy geldmaak-eienskappe kan beroof. Dit kan ook geleentheid skep vir die buitelandse invoerders van dié plaaslik ontwikkelde teelmateriaal om Suid-Afrika sy leidende posisie op die wêreldmark te ontnem.

Daar's kommer oor Dorper se toekoms

Met moderne tegnologie die toekoms in – dit is hoe hy hoop die Dorper se pad vorentoe lyk, sê mnr. Dolf Lategan, veteraan-Dorper teler wat onlangs 'n omvattende handleiding oor die ras saamgestel en uitgegee het.

Dorpers in die Nuwe Eeu bevat meer as 260 foto's en sketse waarmee die genootskap se rasstandaard uitgebeeld word, asook 'n bespreking van basiese bestuursbeginsels.

Lategan, 'n ras-inspekteur en beoordeelaar wat tussen Smithfield en Bethulie boer, teel al 29 jaar lank Dorpers, eers by Delmas en die afgelope 13 jaar in die Suid-Vrystaat.

Hy sê die pioniers wat die Dorpers meer as 60 jaar gelede tot stand gebring het, het wonderlike werk gedoen. Hulle het



Té min rekords ingedien

Net sowat 8 500 Dorper-rekords word jaarliks vir prestasietoetsing ingedien. Dit sluit meestal speengewigte in, en kom neer op 'n gemiddeld van 15 rekords per geregistreerde teler per jaar, sê dr. Buks Olivier van die Landbounavorsingsraad, wat in beheer van die kleinvee-verbeteringskema is.

(Merino-telers dien jaarliks sowat 18 000 rekords vir prestasietoetsing in.)

Olivier sê prestasietoetsing behels veel meer as net 'n indeks vir byvoorbeeld speengewig. Die prestasie van die dier om te groei, te reproduseer en te oorleef, word holisties geëvalueer.



Dr. Buks Olivier

“Soms word prestasietoetsing as waardeloos bestempel omdat dit nie verband hou met rampryse nie. Met die meting van prestasie word egter gefokus op die dier se vermoë om in natuurlike toestande te produseer, en nie of hy aan sekere rasstandaarde voldoen nie. Die ideaal is dat die dier wat kan produseer (groei en aanteltempo) in natuurlike toestande ook die mooiste is.”

Olivier sê voorlopige ondersoekes dui daarop dat daar mooi Dorpers is wat goed produseer, maar ook dat daar mooi diere is wat swak produseer. Die uitdaging is om dié diere wat mooi is én goed produseer te identifiseer.

Dié doelwit kan net bereik word as die prestasie van diere in natuurlike toestande akkuraat gemeet en vergelyk word. Talle telers gebruik die

Dorper-skema en pluk die vrugte van akkurate identifikasie van top-diere.

“'n Teler moet produseer wat sy kliënte – hoofsaaklik kuddeboere – verlang. Die telers sal nie verander as Dorper-kuddeboere nie ook oor die waarde van meting en die gebruik van syfers ingelig is nie. Dit is hulle wat regstreeks voordeel kan trek uit ramme wat lammers produseer wat vroeg bemerkbaar is, en ooilammers lewer wat gereeld 'n lam speen.”

Olivier reken dit is maklik haalbaar om op dié wyse die netto inkomste per dier oor tien jaar met tussen R30 tot R40 te verbeter.

Hy sê dit is 'n misvatting onder telers dat die hoofdoel van meting is om individuele kopers te beïnvloed sodat hulle bereid is om meer vir bepaalde ramme te betaal. “Meet is in die eerste plek nodig om jou langtermynproduksie te verseker,” sê hy. **L**



Mnr. Dolf Lategan

Deur **MARLEEN SMITH**
msmith@landbou.com

LINKS: Fenotipiese seleksie het die Dorper gebring waar hy vandag is. Die vraag is egter nou in watter mate genotipe in dié plaaslik ontwikkelde ras met fenotipe ooreenstem.

'n ras ontwikkel wat met vleisproduksie in Suid-Afrika se droër dele kon presteer.

Uitstekende kenmerke, wat vandag steeds 'n groot bate is, is in die jare veertig in die ras vasgeteel. Dit sluit dié ras se lamsvleisproduksie, aanpasbaarheid, gehardheid, optimale veldbenutting en goeie moederienskappe in. Dié eienskappe is mettertyd visueel (met die oog) verbeter.

Met prestasietoetsing moet egter nou verseker word dat bogenoemde eienskappe behou word en ongewenste eienskappe wat moontlik daarmee saamgaan, betyds geïdentifiseer word, sê Lategan.

Hy meen die genootskap se inspeksiestelsel – waarmee diere net fenotipes en dus subjektief geëvalueer is – was tot dusver heel doeltreffend. Nou moet die moderne tegnologie egter bygebring word om langtermynsukses te verseker.

“Dit het eenvoudig te duur geword om met 'n metode van toets en tref te teel. Daar kan nie voortgegaan word om diere te teel wat nie voldoen aan dié waarvoor die Dorper ontwikkel is nie.

“Daar is telers wat hul diere pamperslang en van die Dorper 'n skou-skaap maak. Waarskynlik is dié die neiging vanweë die ras se besondere vermoë om voer in vleis en vet om te sit. Ons moet egter sorg dat dié 'n ekonomies produserende ras bly.”

Lategan sê die genootskap se rasstandaard maak wél vir die nodige eienskappe voorsiening. Die rasstandaard kan egter net doeltreffend benut word mits diere in natuurlike toestande geëvalueer word, en nie as hulle oormatig gevoer word nie. Veldramprojekte bied 'n gedeeltelike oplossing hiervoor, maar die vroulike geslag word steeds agterweë gelaat, tensy 'n teler prestasietoetsing doen.

Hy meen dit is noodsaaklik vir oorlewing van die ras dat veel meer telers by presta-

(Na bl. 6)

Wêreldproduk vir alle omgewings?

Die Dorper het in die afgelope vyf dekades ontwikkel van 'n ras wat vir droër dele geteel is, tot een wat wêreldwyd in 'n uiteenlopende reeks omgewings presteer, sê dr. Quentin Campbell, een van die vaders van dié ras.

“Die kritici moet hul oogklappe afhaal en besef dat daar 'n besliste internasionale behoefte aan Dorper-embrio's is, en nie net van dié tipe wat vir droër dele geskik is nie,” sê Campbell.

Hy stem saam dat Dorpertelers meer prestasietoetsing moet doen, veral omdat oorsese kopers toenemend op voorouer- en prestasierekords aandring. Hy maan egter ook teen onakkurate gegewens. “Die waarde van enige syfer wat deur 'n rekenaar uitgespoeg word, word bepaal deur dié wat ingevoer is. As 'n mens gemors invoer, is dié wat jy gaan uitkry.”

Campbell was as staatskleinveekundige van meet af by die ontwikkeling van die Dorper betrokke. Die eerste keer wat hy Dorset Horn-Persie-kruisings gesien het, was al as skoolkind. Hy het sy pa, Middelburg se slagter, vergesel toe dié gevra is om kruislammers van ingevoerde Europese vleisrasramme en inheemse oioe op Grootfontein te gaan beoordeel. Campbellonthou nog goed dat die Dorset Horn-Persie-kruisings sy pa, self ook 'n Persie-boer, besonder beïndruk het.

Die eertydse Vleisraad het die uitheemse ramme ingevoer en aan plaaslike boere vir kruisteling beskikbaar gestel toe wol- en Karakoelpryse begin verswak het, sê Campbell. Die kruisteelprojek met Dorset Hornramme en Persie-oioe was só suksesvol dat 'n groep telers in Julie 1950 op Grootfontein vergader het om die Dorpertelersgenootskap te stig, hoofsaaklik omdat die ingevoerde ramme se lewensduur betreklik kort was.

Die hoofklem destyds was op die teling van 'n plaaslike ras – as alternatief vir wol- en Karakoelboere – wat vir die Kalahari en Noord-Kaap aangepas was.

Intussen het die scenario egter verander: Die Dorper is nou 'n internasionale ras wat na lande soos Australië, Amerika, Kanada, Brasilië en selfs China en Switserland uitgevoer word.

Hy meen dié uitvoer-vraag is danksy die ras se besondere vermoë om ruvoer in vleis van goeie

gehalte om te skakel. Vanweë die vraag uit gebiede met 'n hoër reënval, is dit bloot logies dat teling dien-ooreenkomstig aangepas is.

Die resultaat is verskillende tipes binne die ras, meen Campbell. Diere vir die droër dele het in die algemeen langer bene, meer reserwe-energie in die vorm van vet, groter ore, minder wol en meer haar. Aan die ander kant van die spektrum is diere met korter bene, wat meer kompak en wolleriger is. “Al die tipes het bestaanreg, want hulle voorsien in verskillende voorkeure,” sê hy.

Dr. Johann Erasmus, hoofveekundige aan die Landboukollege Glen buite Bloemfontein en self 'n Dorper-teler, meen egter daar is 'n oordrewe neiging na die teel van kortbeen-Dorpers. “Die oordrewe en sterk seleksie vir net die kortbeen-tipe mag oorproduktief wees en is kommerwekkend.

“Daar moet in gedagte gehou word dat Suid-Afrika aan droogtes onderhewig is. Die Dorper is juis geteel om as 'n aangepaste en geharde vleisskaap dié bedreiging die hoof te bied.

“Met die oordrewe neiging na die teel van die kortbeen-tipe mag die Dorper in die droër, warmer streke probleme met aangepastheid hê. In dié dele met hul lang somers is dit noodsaaklik dat die diere van hul oortollige liggaamshitte ontslae raak. Die kortbeen-tipe se lewensbelangrike organe en testikels is té na aan die grondoppervlak, wat afkoeling bemoeilik,” sê Erasmus. **L**



Dr. Johann Erasmus



'n “Ouderwetse” Wit Dorper-ram en 'n “byderwetser” swartkop. Albei behoort aan dr. Johann Erasmus, veekundige en Dorper-boer van Glen buite Bloemfontein. Die swartkop is op die jongste nasionale Dorper-veiling in Bloemfontein afgekeur, glo omdat hy te hoog op die been is.

Bewaar Dorper met prestasietoetsing

(Van bl. 5)

sietoetsing betrokke raak. Hy voel ook dat daar in groter mate met telers op grondvlak geskakel moet word om te verseker dat diere wat geëvalueer word, in natuurlike toestande presteer.

“Die rasstandaard sê net hoe hy moet lyk, en nie of dit in ’n voerkraal of op die veld is nie. Diere moenie reg gevoer word nie; hulle moet reg geteel word. Hiermee sê ek nie dit is verkeerd om ’n dier in ’n droogte of vir ’n veiling te voer, of om die dier af te rond om dit te slag nie. Dit moet egter nie op só ’n skaal gedoen word dat raseienskappe in die proses prysgegee word nie.”

Hy meen die Dorper het nie sy aanpasbaarheid verloor nie, maar nou moet seker gemaak word dat hy dit behou. Kopers se duidelike voorkeur vir vetgevoerde ramme op veilings is waarskynlik een van die grootste oorsake van dié probleem, glo hy. Navorsing het al bewys dat die kopers van Dorpers op veilings groter waarde aan ’n ram se voorkoms as sy prestasiesyfers heg.

Lategan glo steeds vas in die Dorper se potensiaal – uitvoerstatistieke bewys dit, sê hy. “As ’n ras maar 60 jaar lank bestaan en daar is ’n wêreldwye vraag daarna, moet daar iets in hom steek. Ons Suid-Afrikaanse telers het nog ’n voorsprong. Dit sal egter ’n kwade dag wees as ander lande ons deur die gebruik van tegnologie inhaal,” waarsku hy.

Mnr. Robbie Meintjes, veteraan-teler van Griekwastad, sê prestasietoetsing het hom oor die jare gewys dat fenotipiese seleksie beslis nie die alfa en omega in Dorper-teling kan wees nie.

Sy kudde, wat deur sy pa, Tom, begin is, is die oudste prestasiegetoetsde Dorperstoetery in die land. Hy doen sedert 1959 onafgebroke prestasietoetsing en gebruik dié resultate as belangrikste seleksie-maatstaf. Die Noord-Kaap-veldramprojek, waaraan hy al 19 jaar lank deelneem, poog om net prestasiegetoetsde diere in te neem.

Meintjes sê hy beywer hom al jare lank daarvoor dat prestasietoetsing ’n groter rol in die Dorper-bedryf speel, want daar is heelwat gevalle waar diere fenotipies uitstekend voorkom, maar nie genotipies presteer nie. In sy eie kudde het hy al telkens diere gehad wat baie goeie syfers het, maar op sigwaarde nie so aanvaarbaar is nie.

“Telers en kopers moenie toelaat dat fenotipe hulle bevooroordeel maak nie, en eerder die feite duidelik laat spreek.”

Hy meen die grootste struikelblok in die pad van groter deelname is dat die hele

bedryf nog op fenotipe gegrond is. Stoeterye wat fenotipe as enigste maatstaf gebruik, vaar goed op skoue en veilings. Hulle put dus nog ekonomiese voordeel uit fenotipiese seleksie, en is onseker of hulle steeds so goed sal vaar as hulle na genotipiese seleksie sou oorskakel.

Die resultate van die Noord-Kaap-veldramprojek, waarin Boerbokke en Van Rooy-skape ook getoets word, wys duidelik dat daar glad nie so ’n groot verskil tussen rasse as binne ’n ras is nie, sê Meintjes. Dit is ’n aanduiding van die geweldige potensiaal vir genetiese vordering wat daar binne die Dorperas bestaan.

Hy glo kommersiële telers gaan stoet-

boere in elk geval binne die afsienbare toekoms dwing om prestasietoetsing te begin doen omdat hulle beter resultate met getoetsde diere behaal. Die Merino-bedryf is verder op dié pad gevorder omdat die ekonomiese werklikhede van ’n verswakende wolmark wolskaaptelers daartoe gedwing het.

Meintjes wys ook daarop dat BLUP-syfers deesdae veel akkurrater is as toe aanvanklik daarmee begin is. Dit beteken egter niks as ’n teler nie die korrekte gegewens vir die berekening verskaf het nie. Hierin lê die jongste gevaar: Dat telers BLUP-syfers wat nie op korrekte gegewens gegrond is nie, as verkoopsfoefie gebruik. **L**



Kommer heers dat sommige telers ’n skou-skaap van die Dorper maak wat nie aangepas is om op die veld te presteer nie.

As ’n ras veredel word...

Diere moet in dieselfde of selfs swakker toestand geselekteer word as waarin hul nageslag moet produseer en reproduseer, meen prof. Gert Erasmus, veekundige van die Universiteit van die Vrystaat. Diere moet dus in natuurlike toestand geselekteer word as telers nie aanpasbaarheid wil inboet nie.

Erasmus verduidelik: “Daar is deesdae groot belangstelling in rasse soos die Nguni en Boran omdat hulle floreer in natuurlike toestand en baie goed op byvoeding reageer. Die rede is dat hulle jare lank in harde, natuurlike toestand aan natuurlike seleksie onderworpe was.

“Party Nguni-telers is selfs bang om enige kunsmatige seleksie toe te pas omdat dit aanpasbaarheid kan benadeel. Seleksie as sodanig sal egter nie die diere se aanpasbaarheid beïnvloed nie en in werklikheid hul prestasie verbeter mits dit in natuurlike toestand geskied. Die omgewing moet in geen omstandighede verbeter word nie.

“Weens die menslike natuur is dit nou maar eenmaal só dat ’n ras beter versorg word sodra hy ‘veredel’ word. Dit is moeilik om van dié neiging af te sien. Ons moet egter onself afvra of dit nog lonend is om die omgewing te verbeter om by ons diere aan te pas. Moet ons nie liever ons diere verander om by die omgewing aan te pas nie?”

“Dit neem ’n teler gewoonlik tyd om ongevoerde en onopgepaste diere as stoetdiere te aanvaar, maar diegene wat dit reeds gedoen het, was nog nooit spyt daarvoor nie.

“Die argument word dikwels gehoor dat ’n dier optimaal gevoer moet word om sy genetiese potensiaal te bereik. Die term genetiese potensiaal is in dié verband misleidend. Daar moet eerder van genetiese vermoë of meriete gepraat word, want ’n dier se vertoning in swakker voedings-toestande is van net soveel of selfs groter belang in ’n boerderystelsel met ’n lae inset.

“Diere se prestasie, wat enige eienskap betref, het nie alleen ’n genetiese en omgewingskomponent nie, maar daar kan ook interaksie tussen dié twee wees – iets wat met aanpasbaarheid te doen het.

“Party diere presteer goed in sekere omgewings, maar nie in ander nie, terwyl ander diere nie baie gevoelig is vir omgewingsveranderinge nie. Planttelers praat van stabiele genotipes. As ons sulke diere wil teel, moet ons in ’n omgewing selekteer wat die eienskap in ’n teenoorgestelde rigting beïnvloed as die verandering wat verlang word. As ’n teler dus groei en gewig wil verbeter, moet hy sy diere in ’n swak omgewing selekteer, wat die uitdrukking van dié eienskappe onderdruk.” **L**